

Meer as oorwinnaars

- Fredericka Collet van Rusoord het gesterf en haar begrafnis vind Maandag 11:00 plaas.
- Hannes van Kradenburg het gesterf. Dink asb aan die familie dat hulle vertroosting sal ontvang.
- Anita Groenewald het positief getoets vir Covid. Ons dra haar aan die Here op om Sy beskermende hand oor haar te hou
- Bid asb vir Riaan Brits wat saam met sy broer in Irak werk. Een Suid Afrikaner is daar oorlede agv Covid.
- Bid steeds vir René Swart wat nog in die hospitaal is.
- Bid asb vir al die mense wat Covid het en ook nog steeds vir al die mense wat geraak is deur die onluste en vernietiging van winkels.
- Bid vir die Huis ouers van die pleeg huis vir geduld en krag en wysheid



Die Aankondiger

25 Julie 2021

Bybelstudiegroepe en kerkdienste is gestaak tot verdere kennisgewing

Prediker: Ds Gideon Du Toit

Skriflesing Mattheus 18:29

Tema: "Waar twee of drie in Sy naam byeen is, is Hy in ons midde"

God sal vir jou sorg

Psalm 115: 12 NLV

Hoeveel tyd bestee jy om jousef oor dinge te bekommer wat gewoonlik nooit gebeur nie? Wees eerlik! En het iets al enigszins verbeter as gevolg van jou kommer daarvoor? Natuurlik nie! Paulus skryf: '...Onthou: Die Here kom binnekort! Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid oor alles. Vra alles wat julle nodig het van God, terwyl julle Hom ook dank vir alles wat Hy doen' (Filippense 4:5-6 NLV). Hy moedig ons dan aan deur te sê wanneer ons dit doen, die vrede van God ons harte en gedagtes sal vul (Filippense 4:7).

Die oomblik wat jy begin om bekommerd of angs tig oor iets te voel, moet jy jou kommer na God in gebed neem. Laat gaan die gewig daarvan en vertrou Hom volkome om jou of te wys wat om te doen, of jou te wys dat Hy dit sal hanteer. Gebed is magtig teen bekommernis. Wanneer jy onder druk is, is dit altyd beter om daarvoor te bid, eerder as om daarvoor te wroeg of daarvoor te praat.

Sal dit maklik wees om te doen? Nee, as jy jousef al jou hele lewe lank bekommer, dan het bekommernis 'n gewoonte geword. Met toewyding, volharding en God se hulp, kan jy egter bekommernis oorwin.

Hier is twee sleutels waarmee jy dit kan doen: 1) In plaas daarvan om van jou negatiewe gedagtes te probeer ontslae raak, wat jou net meer daarop laat fokus, vul jou gedagtes met positiewe gedagtes. Skriftuurlike gedagtes! (Sien Filippense 4:8).

2) Tree vinnig op. Sodra jy jousef begin bekommer, sê: 'Nee, ek gaan nie myself hieroor bekommer nie, want dit help nie.' Jy mag dalk wonder: 'Maar wie gaan die probleem oplos?' God! 'Die Here dink aan ons en seën ons...'



KENNISGEWINGS



TEHUIS VIR BEJAARDES

Kamers Beskikbaar:

- Selfversorgende Afdeling
- Verswakte Afdeling
- Alzheimer/Demensie Afdeling



Vir enige navrae kontak
Matrone Magda Colkett:

012 664 5835/6

ontvangs@rusoordcenturion.co.za

LYTTELTON

Garden flat.
R5500pm. 2 bedr,
1½ bathr, shower,
kitch, open plan.
garage, prepaid.
NO PETS. Dep
R7000. Near schools.
Next to military base.
Safe. Near soltech,
all highways.
078-952-5634

Beredding van boedels
met 'n waarde van R250 000
en minder.
Kontak Marietjie by

Baie geluk aan almal wat verjaar :

25 - 31 Julie

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Bothma	Karen	07/27	012 664 4324	0822799170
Nel	Corneluis	07/29	011 6601207	0619915229
Nel	Gideon	07/29	012 6642199	
Swarts	Carien	07/27		0723739294
Van Niekerk	Gert	07/31		

Liewe Gemeentelid

Ons gemeente word vanjaar 60 jaar oud! Help asseblief dat ons van hierdie jaar 'n onvergeetlike jaar maak. Om dié spesiale geleentheid te herdenk, wil ons baie graag 'n resepteboek uitgee.

Elkeen van julle het een of meer spesiale resepte. Deel daardie beproefde resep – dit kan 'n ontbyt, middagete, aandete, of 'n heerlike koek, tert of nagereg resep wees sodat ons dit kan oorweeg vir plasing in die resepteboek. Dit kan 'n handgeskrewe of getikte resep wees, ou mate of metrieke mate wees. As jy 'n kort storie daaroor het, stuur dit asseblief daarmee saam – vertel vir ons waar dié resep vandaan kom.

Ons sal graag vroeg in Augustus met die samestelling wil begin, daarom vra ons dat julle dit na Susann by die Kerkkantoor teen die einde van Julie sal stuur.

Baie dankie, Susann en Marlene

Lily's Vetkoek Den



MINCE VETKOEK R35
CHICEKEN MAYO
VETKOEK R35
BACON EGG AND
CHEESE R40
COMBO'S R40

MINCE KERRIE EN
RYS R40
BEEF KERRIE EN
RYS R45

LILLIAN 0721110645



Clothing • Accessories • Gifts • Crafts

289 Cradock ave, Lyttelton

Mon - Fri
9h00-17h00

Sat
9h00-15h00

Call us: 082 306 3381